Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2015

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*AFRFA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Gebruik die inhoudsopgawe om jou met jou keuses te help.

3. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) | |
| AFDELING B: | Drama | (35) | |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) | Beantwoord AL TWEE kortverhale indien jy hierdie afdeling behandel het. |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) | Beantwoord AL TWEE gedigte indien jy hierdie afdeling behandel het. |

4. Kies die TWEE afdelings wat jy behandel het en dui die vraagnommers aan.

5. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

9. Antwoorde moet in die Standaardafrikaans waarin jy geassesseer word, wees en nie in ŉ ander taal nie.

10. Gebruik die kontrolelys op bladsy 3 om met jou keuses en die getal vrae te help.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.

| **AFDELING A: ROMAN** | | | |
|---|---|---|---|
| VRAAG 1: | *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 |
| | **OF** | | |
| VRAAG 2: | *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 |
| | **OF** | | |
| VRAAG 3: | *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 |
| | | | |
| **AFDELING B: DRAMA** | | | |
| VRAAG 4: | *Poppie – die drama* | Kontekstuele vraag | 35 |
| | | | |
| VRAAG 5: | *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 |
| | **OF** | | |
| **AFDELING C: KORTVERHAAL** | | **Beantwoord albei kortverhale** | |
| VRAAG 6.1: | Benedicta | Kontekstuele vraag | 19 |
| | **EN** | | |
| VRAAG 6.2: | Astra Castra | Kontekstuele vraag | 16 |
| | | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE BEANTWOORD** | | **albei gedigte** | |
| VRAAG 7.1: | Stad in die mis | | 18 |
| | **EN** | | |
| VRAAG 7.2: | Things that go bump in the night | Kontekstuele vraag | 17 |

| **AFDELING** | | **VRAAGNOMMERS** | **VRAE BEANTWOORD** | **MERK** |
|---|---|---|---|---|
| A | Roman | 1 – 3 | 1 | |
| | **OF** | | | |
| B | Drama | 4 – 5 | 1 | |
| | **OF** | | | |
| C | Kortverhale | 6 | 1 | |
| | **OF** | | | |
| D | Gedigte | 7 | 1 | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae uit TWEE verskillende afdelings beantwoord het.

## AFDELING A: ROMAN

## KRINGE IN ’N BOS – Dalene Matthee

## VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Net oor MacDonald wou die bitterheid nie aldag bly lê nie. Aanvaar jou neerlaag, het hy homself die een oomblik kon paai, net om die volgende weer met al die ou magteloosheid te worstel.
>
> Kate.
>
> As die seer oor Kate net wou minder word!
>
> “Jy moet ’n bietjie uitkom, Saul,” het die twee ou Muller-susters hom probeer oorreed. “Veral oor naweke. Die blaasorkes speel môreaand op die plein; vat vir Martjie saam en dan gaan luister julle ook.”
>
> Martjie was die ou dames se broerskind; ’n mooi rooiwangmeisie met ’n ronde lyfie. Hoe kon hy vir hulle sê: Wag net ’n rukkie, gee my langer kans ... Ek sal later konserte toe gaan, na die blaasorkes gaan luister, weer gaan dans. ’n Martjie soek om die wonde te help genees. Later!
>
> Oor een ding het hy nie meer getwyfel nie; hout is in sy bloed. Elke stoel, tafeltjie of wat hy ook al klaarkry en neersit, het ’n ongekende genot in sy lyf laat kom. Soos die maande verbygegaan het, het ou Abraham hom selfs met die stinkhout begin vertrou, en toe sy eerste riempiesmat-leunstoel met die boogpote die dag staan, het die ou die tante geroep om te kom kyk.
>
> Bl. 272

1.1 Wie is Kate se pa? (1)

1.2 In Swellendam het Saul ’n verhouding met Martjie aangeknoop.

1.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1. (1)

1.3 Wat was die verhouding tussen Kate en Saul? (1)

1.4 Waar en wanneer het Kate en Saul mekaar goed leer ken? (2)

1.5 Waarom wou die seer oor Kate nie minder word nie? (1)

1.6 Verduidelik wat die vernaamste rede was waarom Saul en Kate se verhouding nie kon staande bly nie. (1)

Kopiereg voorbehou

1.7 Dink jy dat MacDonald se optrede teenoor Kate en Saul regverdig was? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Waarmee het MacDonald vir Saul gedreig as hy weer met Kate in aanraking sou kom? (1)

1.9 Wat het Saul oor homself uitgevind in die tyd wat hy by oom Abraham gewerk het? (1)

1.10 Saul dra ŉ jarelange bitterheid teenoor MacDonald in hom rond. Noem DRIE redes waarom Saul so verbitterd is. (3)

1.11 Dink jy Saul se bitterheid teenoor MacDonald is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (1)

1.12 Kies uit KOLOM B die korrekte antwoord om by die sin of frase in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (1.12.1–1.12.4) en die letter (A–F) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | Houtkoper in die Kaap | A | Beth |
| 1.12.2 | Leer hom alles van meubelmakery | B | Anneries |
| 1.12.3 | Sê vir Saul dat Kate met James Stewart uitgaan | C | Charles Gray |
| 1.12.4 | Hy bied vir Saul sewe erwe in Meulbosdorp aan | D | Martjie |
| | | E | MacDonald |
| | | F | Abraham |

(4)

1.13 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (1.13.1–1.13.3) en die antwoord neer.

| broers; see; konsert; derde; tweede; susters |
|---|

Hy het die twee ou Muller- (1.13.1 ...) hul sin gegee en Martjie ŉ paar keer saamgeneem kerk toe en een keer (1.13.2 ...) toe ook. Maar Martjie se oë was ná die eerste keer alte blink na sy sin en niks wou vir haar in hóm roer nie. Ná die (1.13.3 ...) keer dat hulle saam uit was, het hy dit reguit vir Martjie gesê ... (3)

1.14

| In hom was ŉ onwrikbare klarigheid waaroor hy nie meer beheer gehad het nie: hy gaan terug Knysna toe. |
|---|

Verduidelik hoe hierdie gedagte verband hou met die tema van die roman. (2)

1.15 Saul kry soveel teenkanting dat hy besluit om Knysna (die Bos) nou finaal te verlaat.

Wat sou jy gedoen het as jy in dieselfde situasie as Saul was? (2)

1.16 Saul verlaat die Pictor en gaan terug na die Bos. Gee TWEE redes wat aanleiding daartoe gegee het. (2)

1.17 Dink jy Maska het woord gehou om te keer dat Freek Terblans vir Oupoot skiet? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

1.18 Waarom dink jy het Oupoot vir Saul tot in Meulbos gelok? (1)

1.19 "As Oupoot my dierbroer was, is jy my hartbroer."

Wat sê hierdie aanhaling vir ons van die verhouding tussen Saul en Maska? (2)

1.20 Watter soort verteller tref ons in hierdie verhaal aan? (1)

1.21 Verduidelik hoe die titel, *Kringe in ŉ Bos*, met die hoofgedagte/tema van die verhaal verband hou. (2)

**[35]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vywer

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Ek het gewéét dit gaan gebeur. Ek is die enigste een in hierdie gesin wat ooit ... "

"Ek weet," knip sy my kort. "Jy's die enigste een wat ooit betyds klaar is vir enigiets, dis dié dat ek jou vra om te help. Die res skarrel soos afkophoenders rond. Amos soek sy boeke en Tibo kry nie 'n enkele sokkie wat by enige ander sokkie pas nie en Yann …"

"Ons is op pad na die gramadoelas," mompel ek. "Wie dink Tibo gaan omgee as hy onpaar sokkies dra?"

Maar ek ken klaar die antwoord.

"Jy ken vir Tibo."

Ek ken vir Tibo. Sy kamer lyk miskien soos 'n hoenderhok, maar hy's nogal 'n netjiese kuiken as dit by klere kom. Die vere maak die voël, glo hy. Hy sal nie eens vir een van sy Action Men 'n onpaar sokkies aantrek nie.

"En Yann is briesend oor sy Marilyn Manson-CD verdwyn het," gaan Mana aan. "Hy dink dis sy pa wat dit weggesteek het. Nie dat ek sy pa sou kwalik neem nie. As ons drie weke lank na Marilyn Manson moet luister …" En nou het Pampoen en Patat ook nog verdwyn. Moet die geskarrel in die huis wees wat hulle laat vlug het."

Slim honde, dink ek. Dis wat ék ook moes gedoen het.

"Seker bang hulle word in die agterplaas toegesluit," sug Mana.

"Niemand het vir hulle verduidelik hulle gaan saam nie."

"Miskien is dít juis waarvoor hulle bang is. Miskien is hulle ook nie lus vir hierdie wittebrood nie."

Bl. 34

2.1 Wie is hier in reël 3 aan die woord? (1)

2.2 Met wie praat die persoon? (1)

2.3 Waarvoor is hulle besig om gereed te maak? (1)

2.4 Wie is Yann se pa? (1)

2.5 Kies die regte woord tussen hakies.
Die gesin gaan vakansie hou op (Botterberg/Blouberg/Bitterberg). (1)

2.6 Die kinders sien baie uit na die vakansie op die berg.

2.6.1 Sê of bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is.

2.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.6.1 met 'n aanhaling uit die leesstuk. (1)

Kopiereg voorbehou

2.7 Kies die korrekte antwoord.

In hierdie verhaal kom daar 'n (eerstepersoonsverteller/derde persoonsverteller/alomteenwoordige verteller) voor. (1)

2.8 Wie is die verteller in hierdie verhaal? (1)

2.9 "Die laaste halfuur was 'n ander soort nagmerrie."

Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer. Nagmerrie in die uittreksel beteken ('n nare ondervinding/'n nare droom). (1)

2.10 Verduidelik in jou eie woorde waarom Hanna nie normale ouers gehad het nie. (2)

2.11 Dink jy dit is aanvaarbaar dat Hanna kwaad is omdat Tibo en Amos haar gedig gelees het? Motiveer jou antwoord. (1)

2.12 Kies die KORREKTE antwoord uit KOLOM B wat by die sin of frase in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.12.1–2.12.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.12.1 | Sy was voorheen 'n verpleegster | A | Sharon |
| 2.12.2 | Sy gaan 'n baba kry | B | Hanna |
| 2.12.3 | Sy het perfekte tande | C | Margot |
| 2.12.4 | Sy het lang swart hare | D | Mana |
| | | E | Fabienne |

(4)

2.13 Vergelyk Tibo en Amos se siening oor Margot. (2)

2.14 Dink jy Mana se houding teenoor Margot is regverdig of aanvaarbaar omdat sy nie haar haardroër kan gebruik nie? Motiveer jou antwoord. (1)

2.15 Verduidelik waarom jy dink Tibo van Margot hou. (1)

2.16 Op watter TWEE maniere het Sharon se voorkoms van Hanna s'n verskil? (2)

2.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer (2.17) en die letter (A–D) neer.

Elke jaar met haar verjaarsdag kry Hanna 'n … van Mana, maar hierdie jaar gee Mana vir haar lekker ruikgoed.

A grimeerstel
B boek
C ring
D trui (1)

2.18 Waarom was Hanna so verras deur Yann se geskenk? (1)

2.19 Verduidelik waarom Hanna so verras was dat sy hierdie jaar so baie geskenke gekry het. (1)

2.20 Wat dink jy was die rede waarom Margot ŉ naelknipper wou leen? (1)

2.21 Wat openbaar Margot se karakter aan ons deurdat sy haar naels afsny? (1)

2.22 Verduidelik waarom Hanna uit die kamer gevlug het, toe Mana so tydens die baba se geboorte geskree het. (1)

2.23 Wat was die rede waarom Sharon nie omgegee het dat sy nie saam met haar ouers met die helikopter kon huis toe gaan nie? (1)

2.24 Waarom was Tibo so verskriklik teleurgesteld dat sy Tarotkaarte toe nooit gelees is nie? (1)

2.25 Het jy simpatie met Tibo omdat sy Tarotkaarte nie gelees is nie? Motiveer jou antwoord. (2)

2.26 Hoekom dink jy glo Yann nie sy ma as sy sê dat sy vir ŉ naweek Kaap toe kom nie? (1)

2.27 Verduidelik in jou eie woorde watter les Hanna tydens die vakansie op die berg oor haarself geleer het. (2)

**[35]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hulle is terug kombuis toe. Ryna het gebukkend by die tafel gestaan. Sy was besig om mond-tot-mond asemhaling op die ou babatjie toe te pas. Sy't orent gekom. Ag nee! Ag … Here, nee!

Sy't die kind opgetel en hartverskeurend begin huil. Sy't na Jacob gekyk waar hy by die deur vasgenael bly staan het en haar oë het van die ergste vertel. "Jacob …"

Hy't die kind uit haar arms geneem. Hy het die kombersie van die koppie afgetrek en wanhopig na die stil gesiggie gekyk. En sy oor teen die mondjie gedruk en sy kop geskud.

En toe het Kinnie se kind 'n skree-geluidjie in die bruin sak gegee.

Daar was meteens 'n heilige stilte tussen die drie mense in die kombuis op Meeuland.

*Ons het woordeloos na mekaar gekyk. Jacob en Jannerik en ek. En die een het geweet wat die ander dink. Ons het kontrak geteken sonder pen of papier. En ons het mekaar belowe dat geen mens ooit sou weet nie. Jannerik sou vir Ousanna sê dat Kinnie se kind gesterf het. Voor die dag gebreek het, het Jacob 'n kissie gemaak. Ons het Elsabet se babatjie gaan begrawe met sonsopkoms.*

*Die storm het stil geword. Daar was swartrugmeeue teen die oggendhemel.*

*Ek het van 'n afstand af staan en kyk hoe Jannerik die gat spit by die oorhangende rots ver van die huis af. En toe Jacob die kissie neerlê. En biddend in die hemel opkyk.*

Bl. 70 & 71

3.1 Verduidelik volledig hoekom Jacob nie die wal kon kontak om te kom help toe Elsabet daardie nag kraam nie. (Gee 3 feite) (3)

3.2 Watter twee babatjies was in die kombuis? (2)

3.3 Wat dink jy was Jannerik se verhouding/verwantskap met die babatjie in die bruin sak? (1)

3.4 Hoe dink jy watter groot besluit het die drie mense in die kombuis geneem? (2)

3.5 Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om kontrak te teken sonder pen of papier. (2)

3.6 Waarom dink jy sou Ryna se lewe vir ewig aan die mense van Meeuland verbind wees? (2)

3.7 Wat noem Jacob en Elsabet hulle dogtertjie? (1)

3.8 Ousanna maak voorspellings oor karakters in die roman. Pas die name van die karakters in KOLOM B by die voorspellings in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (3.8.1–3.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | ’n Pyl het haar deurboor. Ek sê jou ’n pyl wat nog baie mense gaan seermaak. | A | Ryna |
| 3.8.2 | “Kinnie … die kind …” | B | Jacob |
| 3.8.3 | Sy siel sal nie rus nie, want hy het bloed op sy hande. | C | Janka |
| 3.8.4 | “Jy moet vir hom wag, my kind. Daar is ’n swart rivier. Dit kronkel deur julle lewens. Julle moet eers daardeur kom”. | D | Fred |
| | | E | Sheila |

(4)

3.9 Ryna moes alleen sukkel om haar huisie bewoonbaar te maak.

3.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

3.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.9.1. (1)

3.10 Gee DRIE redes waarom Ryna probeer het om haar lewe op Meeuland oor te maak. (3)

3.11 Elsabet besluit om die eiland te verlaat en van Jacob te skei. Was Elsabet se handeling regverdig of aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (2)

3.12 Simpatiseer jy met Elsabet? Wat sou jy doen indien jy in dieselfde situasie was? (2)

3.13 Voltooi die volgende paragraaf. Vul net die ontbrekende woorde in. Kies die antwoorde uit die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (3.13.1–3.13.3) en die antwoord neer.

| Emily; Tamara; Donovan; Bernard; Janka; Elsabet |
|---|

(3)

Janka klim voetjie vir voetjie teen die trap op agter 3.13.1 … aan. Meteens spring 3.13.2 … agter die trapreling uit met ’n aaklige monstermombakkies op sy gesig. 3.13.3 … begin angstig huil.

3.14 Albei Fred Blankenberg se vroue (Sheila en Elsabet) is op onnatuurlike wyses dood. Wat dink jy was die gemeenskaplike rede vir hul vroegtydige dood? (1)

3.15 Verduidelik waarom die mense van Meeuland Kersfees wou vier met ŉ Kersboom, presente en Kersvader. (1)

3.16 Verduidelik waarom Janka geskiet is. (2)

3.17 Waarom dink jy kan Ryna vir Jacob bystaan in sy hartseer nadat Janka geskiet is? Motiveer jou antwoord. (2)

3.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.18) en die letter (A–D) neer.

Watter sintuig word in reëls 1, 2, 3, 13 en 14 gebruik?

A hoor
B voel
C smaak
D sig
E reuk (1)

**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

### *POPPIE-DIE-DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

> MOSIE. Poppie is met die trein na Herschel om die meisie kinders na Stone se ouers op die land te neem, en toe is sy verder na Mdantsane om die huis te verhuur en te reël dat Bonsile by die huismense inwoon. En daar was nog iets waaroor sy met hom moes praat.
>
> POPPIE. Bonsile, jy moet die kind na my laat bring wat gebore is toe ons in die Kaap was vir die begrafnis. Dis bloed van my bloed en ek het die kind nog nie gesien nie. (*Hulle bring ʼn bondeltjie. Sy neem dit in haar arms en kyk lank daarna.*) Die onderhoud van die kind sal ek ook op my skouers moet neem, maar hieroor kla ek nie. Oor die kind is ek bly. (*Poppie begin geld uit haar handsak haal.)*
>
> MOSIE. Sy het al die geld wat sy nog oor had aan die jong ma van die kind gegee en toe Kaap toe vertrek.
>
> MAMA. Sy is siek. Sy het baie swaar gehad. Die dinge was te veel vir haar. Sy lê net en sien niemand raak nie.
>
> MOSIE. Ons sisi is siek. Ek dink sy voel nou eers ons swaertjie se dood.
>
> MAMA. Die dinge is te veel vir haar.
>
> JAKKIE. Poppie het ʼn week gelê, en toe het sy opgestaan.
>
> POPPIE. Ek moet gaan werk. Die kinders het kos en geld nodig.
>
> PLANK. Sy het werk gekry by Mrs. Swanepoel. Die vrou wat haar soontoe geneem het, het twaalf jaar by Mrs. Swanepoel gewerk en sy moes haar bene vir spatare laat sny. Sy't gesê: Kom saam en hou my werk vir die maand wat ek in die hospitaal is.
>
> MRS. SWANEPOEL. Ek sal jou dertig rand in die maand betaal, Rachel.
>
> POPPIE. Dan sal ek maar tot Vrydag toe vir die miesies kan uithelp, want ek kan nie vir dertig rand in die maand werk nie ... ek het vyf kinders en dit kos geld om hulle te onderhou.
>
> Bl. 50 en 51

4.1 Waar het Poppie se skoonouers gewoon? (1)

4.2 Waar wou Poppie hê moes Bonsile sy skoolloopbaan voltooi? (1)

4.3 Watter kind moet Bonsile vir Poppie bring? (1)

4.4 Poppie weier om vir die jong ma geld te gee en stuur haar weg.

4.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

4.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.4.1 met ʼn aanhaling uit die uittreksel. (1)

4.5 Noem DRIE redes waarom jy dink dat Poppie siek geword het. (3)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. (1)

Poppie is die (antagonis/protagonis) in die drama.

4.7 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (4.7.1–4.7.2) en die antwoord neer. (2)

Poppie besluit dat 4.7.1 (Fezile/Vukile) by Mosie en Rhoda moes kom bly en dat 4.7.2 (Kindjie/Katie) die skool moes los om na hom te kyk.

4.8 Pas die naam in KOLOM B by die inligting in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (4.8.1–4.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.8.1 | Het skool gelos om soms na Poppie se kinders te kyk | A | Kindjie |
| 4.8.2 | Is met ʼn tafeldoek toegegooi | B | Plank |
| 4.8.3 | Kinders slaan hom by die hoenderhok | C | Katie |
| 4.8.4 | Hy is ʼn groot bekommernis vir sy ma | D | Constance |
| | | E | Jakkie |

(4)

4.9 Waarom dink jy voel Poppie soos ʼn ma vir haar broer, Jakkie? (2)

4.10 Wat openbaar Poppie se karakter vir ons oor al die reëlings wat sy vir haar kinders tref? (1)

4.11 Dink jy Poppie het reg opgetree om nie haar kinders by haar in die Kaap te laat bly nie? Motiveer jou antwoord. (2)

4.12 Waarom dink jy het Poppie Vukile laat Kaap toe kom? Gee ʼn rede vir jou antwoord. (2)

4.13 Noem TWEE dinge wat die kinders met die grootmense, wat hulle voorgekeer het, gedoen het as hulle na drank geruik het. (2)

4.14 Verduidelik waar Plank twee keer geslaan is, en deur wie hy geslaan is. (2)

4.15 Die polisie het vir Bonsile en Nomvula gevang om hulle uit te vra oor Jakkie. Was die polisie se optrede na jou mening aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (2)

4.16 Waarom was die kinders so teen die migrants gekant? (2)

4.17 Waarom dink jy die polisie die migrants tydens die 1976-onluste ondersteun? (2)

4.18 Gee TWEE redes waarom Poppie gevoel het dat dit nie werklik gehelp het om haar kinders van die moeilikheid in die Kaap weg te hou nie. (2)

4.19 Poppie sê aan die einde van die drama: “En as my kinders in die ding gesleep moes word, dan is dit waartoe hulle gebore is. En wie kan uit hulle pad neem dit waarvoor hulle gebore is?”

Verduidelik wat Poppie hiermee bedoel het. (2)

**[35]**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### *PALJAS* – Chris Barnard

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 HENDRIK (kom nou ook by; tot Bertie, wat nog doodstil lê):
2 Klein vuilis. Hy neuk al van gister af. (Hy gee ŉ tree nader.)
3 As julle my nie keer nie, bliksem ek hom ok.

4 Niemand keer hom nie – en wanneer hy omkyk, sien
hy Nollie en Emma stap al dóér. Hy sit hulle agterna.

5 Katrien, Nollie en Emma op die huis se voorstoep. Die
6 grammofoon staan op die stoepmuurtjie en speel.
7 Katrien is besig om Nollie se nerf-af kneukels met dettol
8 te was. Emma hou die skottel met lou water vas.
9 Klein Willem sit wydsbeen op die ander end van die
10 stoepmuurtjie met sy rug na hulle toe. Hy is besig met
11 iets.
12 HENDRIK: Donderdag ofte not – vandag vat ons ŉ knertsie.
13 Wat sê jy, Nollie? (Hy lag.) As jy nou wou gesien het hoe lyk
14 ŉ ou wat gefoeter is, dan moes jy daardie sirkusapie gesien
15 het netnou.
16 KATRIEN: Wag, hier by jou oog is dit ook stukkend.
17 NOLLIE: Nee wat, dis niks, tannie. (Hy keer.)
18 HENDRIK: Dis net woep-wap, toe lê hy en skop soos ŉ
19 afkophoender.
20 KATRIEN: Hou stil. Dit bloei.
21 Hendrik skink die bottel se doppie vol en gooi in sy
22 glas; dieselfde in Nollie se glas.

Bl. 26 en 27

5.1 Wie is Bertie? (1)

5.2 Waarom is Nollie se kneukels nerf-af? (1)

5.3 Benoem die stylfiguur in "dis net woep-wap" (reël 18). (1)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (5.4) en die antwoord neer.

Die sirkustrein was op pad na (Toorwater/Uniondale/Oudtshoorn). (1)

5.5 Emma wil nie haar ma help met Nollie se seerplekke nie.

5.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

5.5.2 Motiveer jou antwoord deur EEN reël uit die leesstuk aan te haal. (1)

5.6 Wat is Hendrik se grootste vrees oor Emma? (1)

5.7 Wat dink jy is die probleem wat Nollie met Hendrik het? (1)

5.8 Kies die KORREKTE antwoord om te sê wat die sin beteken. Skryf slegs die vraagnommer (5.8) en die letter (A–D) neer.

Hy neuk al van gister af.

A Hy het vrede gesoek.
B Hy het moeilikheid gesoek.
C Hy het simpatie gesoek.
D Hy het liefde gesoek. (1)

5.9 Verduidelik waarom dit Hendrik so ontstel het toe hy die sirkustrein op sy stasie sien? (2)

5.10 Waarom dink jy was Hendrik so bekommerd oor die voorval tussen Bertie en Emma? (1)

5.11 Stem jy saam dat Nollie graag by Hendrik kuier om na plate te luister? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

5.12 Wie is Manuel? (1)

5.13 Met wie het Manuel vriende gemaak? (1)

5.14 Waar het Willem en Manuel se vriendskap begin? (1)

5.15 Vergelyk Hendrik en Manuel se optrede teenoor Willem. (2)

5.16 Waarom was Willem so hartseer toe die sirkustrein weg is? (1)

5.17 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (5.17.1–5.17.3) en die antwoord neer.

| koringland; lusernland; blou; wit; sweetpak; narrepak |
|---|

Langs die pas gestroopte 5.17.1 ... sien Willem ŉ 5.17.2 ... balletjie bokant die koringbaal uitwip. Dan verskyn verskeie kleure balletjies en dan verskyn die nar in sy 5.17.3 ... (3)

5.18 Pas die reaksies in KOLOM B by die inligting in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (5.8.1–5.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.18.1 | Manuel besoek die kerk. | A | Manuel hardloop uit die kerk, want dominee het gesê Jan Mol moet hom vang. |
| 5.18.2 | Manuel word geskiet. | B | Manuel en Willem bring tyd in die veld deur. |
| 5.18.3 | Jan Mol herken vir Manuel. | C | Willem wil weet of dit sonde is om jou gesig te verf. |
| 5.18.4 | Die motor trek ruk-ruk daar weg. | D | Die dorpenaars gaan soek vir Manuel by die McDonalds. |
| | | E | Hendrik vlieg tussen die spul in om die belhamel te vind. |
| | | F | Jan Mol en ŉ paar knape gooi klippe daarna. |

(4)

5.19 Wanneer het die dominee se besoek plaasgevind? (1)

5.20 Wat dink jy is die dominee se plig waarvan hy die hele tyd melding maak? (1)

5.21 Watter emosie ervaar Hendrik na hy vir die dominee sê dat hy hom nie kans gee om iets te sê nie? (1)

5.22 Watter karaktereienskap dink jy beskryf die dominee die beste? (1)

5.23 Stem jy saam met Jan Mol dat hulle maar vir Manuel kan skiet, net omdat die predikant aan hulle kant is? (1)

5.24 Vertel in EEN sin wat die gevolg was van Manuel se kennismaking en verblyf by die McDonaldgesin. (1)

5.25 Wat dink jy sou die rede wees waarom Jan Mol vir Manuel geskiet het? (1)

5.26 Manuel besluit om terug na die sirkus te gaan.

Noem TWEE dinge wat jy sou doen as jy in Manuel se situasie was. (2)

5.27 Om watter rede dink jy gee Manuel sy konsertina vir Willem? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHAAL

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

### VRAAG 6.1

### BENEDICTA – Margaret Bakkes

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> By Ultra City buite Middelburg vra ek dat ons stilhou. Ek klim stram uit die bakkie, kyk ge-disoriënteerd rond om die toilet te soek. Die plek is verlate, sonder ʼn mens of motor. Uit ʼn glashok beduie ʼn swart vrou vir my die rigting.
>
> Dis terwyl ek staan en hande was dat die verskrikking en die vrees en die verlatenheid op my toeslaan. Die trane wat ek heelpad probeer terughou om my oudste kind se onthalwe (hy hanteer rou emosie moeilik, veral by sy ma), spat uit my oë en ek huil soos een wat baie seer het en weet dat hy alleen huil.
>
> Sodat ek nie die persoon sien wat om die hoek verskyn en ontsteld na my kyk nie. Die swart vrou van die glashok slaan haar arm om my.
>
> “What is wrong? Why are you crying so terribly?”
>
> Ek probeer myself bymekaarvat. “Don’t worry, I’ll be all right.”
>
> “You must tell me.”
>
> “I have had bad news. My son has been attacked by a crocodile. He is in hospital in Nelspruit.
> I am on my way to him.”
>
> Deur trane wat opnuut spat, sien ek die afgryse en die ongeloof. Onthou dat ʼn krokodil vir ʼn swart mens ʼn gruwel is.
>
> “Oh my God, how terrible. Here have a smoke.” Sy pluk ʼn verfrommelde pakkie sigarette uit haar sak.
>
> Bl. 27

6.1 6.1.1 Waarom vra die spreker om by die Ultra City stil te hou? (1)

6.1.2 *Die spreker wou by die Ultra City stilhou omdat sy ʼn nood gehad het*. Is hierdie stelling waar of onwaar? Motiveer jou antwoord. (2)

6.1.3 Wat is die vrou in die glashok se naam? (1)

6.1.4 Waarom het die vrou in die glashok moeite gedoen om die verteller te vertroos en op watter manier doen sy dit? (2)

Kopiereg voorbehou

6.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer (6.1.5) en die letter (A–D) neer.

Die verhaal word aangebied deur ŉ … verteller.

A eerstepersoon
B interne
C alomteenwoordige
D derdepersoon (1)

6.1.6 Kies uit KOLOM B die korrekte naam wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.1.6.1–6.1.6.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.1.6.1 | Die spreker se oudste seun | A | Phillios |
| 6.1.6.2 | Die spreker se skoonseun | B | Thabo |
| 6.1.6.3 | Die spreker se beseerde seun | C | Hannes |
| 6.1.6.4 | Die skut | D | Christiaan |
| | | E | Francois |

(4)

6.1.7 Verduidelik wat Benedicta gedoen of gesê het wat bygedra het om die spreker se vrees te laat verminder. (2)

6.1.8 Is die titel binne die konteks van die verhaal gepas? Motiveer jou antwoord. (2)

6.1.9 Noem TWEE moontlik redes waarom jy dink die spreker se dogter by die huis bly en nie saam met hulle ry nie. (2)

6.1.10 Dink jy Benedicta se optrede is ŉ voorbeeld vir almal van ons? Motiveer jou antwoord. (1)

**[18]**

**EN**

**VRAAG 6.2**

**ASTRA CASTRA – Dot Serfontein**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

“Toe nou,” sê Eben Bester, “hulle wil begin.” Hy kyk na Ettie, sien die skrik in haar oë. Sy is te jonk. Vir enigiets, dink hy vererg. Sy koue, blou oë vat haar verwarde denke vas: kom nou! Dan verander sy stemtoon. Hy boots die skoolhoof na: “Onthou, my dogter, astra castra, numen lumen, reik na die kroon. Haal diep asem en moenie rondvroetel by die wegspring-blokke nie.” Sy lag. Die dodelike klem in haar maag is los en sy is gereed. “Op julle plekke!” sê die groot man met die swart snor. En Ettie sak saam met vyf ander in die wegspringblokke neer. Sy skarrel ’n oomblik met haar spykerskoene rond na vastigheid. Sy voel, eerder as wat sy sien, die waarskuwende afkeuring in Bester se gesig waar hy teen die tralies leun, en sy verstyf gehoorsaam in haar spore. Langs haar aan die ander kant sak die drie vingers van die Suid-Afrikaanse senior naelloopkampioen, Hanna Dewalt, met geoefende sekerheid neer. Die afsitter lig sy pistool. “Gereed!” Drie sekondes waarin die groot pawiljoen met sy honderde toeskouers dodelik stil word, waarin die wit strepe soos weerligstrale weerskante van die naellopers uitskiet en hul hele gewig met elke greintjie wilskrag in hul vingerpunte vorentoe gegooi is. Die skoot knal! Die ses naellopers in die honderd meter ope ruk orent uit die blokke en die geskreeu van die toeskouers breek soos water uit sluise.

Bl. 194

6.2 6.2.1 Aan watter item neem die atlete deel? (1)

6.2.2 Wie is die Suid-Afrikaanse senior naelloopkampioen? (1)

6.2.3 Kies die KORREKTE antwoorde tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommers (6.2.3.1–6.2.3.3) en die antwoorde neer.

Eben Bester is Ettie se (6.2.3.1) (netbalafrigter/atletiekafrigter). Hy plaas baie (6.2.3.2) (krag/druk) op haar om te (6.2.3.3) (verloor/presteer.) (3)

6.2.4 Haal ’n frase aan uit die leesstuk (reël 1–5) wat ’n bewys is dat meneer Bester soms ’n onpersoonlike voorkoms kan hê. (1)

6.2.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (6.2.5) en die letter (A–D) neer.

Sê watter EEN van die volgende beskrywings die beste by Ettie se gevoel teenoor Eben Bester pas.

A bang
B verlief
C haat
D bewondering (1)

6.2.6 Gee TWEE redes waarom Ettie nie die seunskoshuisdans bywoon nie. (2)

6.2.7 Verduidelik watter reëlings Eben Bester vir Ettie tref terwyl sy vir die groot kampioenskap voorberei. (2)

6.2.8 Dink jy meneer Bester tree regverdig teenoor Ettie op, deur haar onder soveel druk te plaas? (1)

6.2.9 Wat dink jy was die rede waarom Eben Bester so graag wou hê dat Ettie moet presteer? (1)

6.2.10 Ettie huil omdat die blaas op haar voet baie seer is. Dink jy daar kon dalk ŉ ander rede vir haar trane gewees het? Motiveer jou antwoord. (2)

6.2.11 Nadat Ettie teen Hanna verloor het, het sy tog positief gevoel.

Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord. (1)

6.2.12 Stem jy saam met die siening dat ouers en onderwysers druk op deelnemers plaas om te presteer? Motiveer jou antwoord. (1)
**[17]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord BEIDE van die volgende gedigte.

### VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

### VRAAG 7.1

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Stad in die mis – D.J. Opperman**

Met gespanne spier
loop ek deur die mis
want om my sluip 'n dier
onder die wit duisternis;
ek hoor hom knor in oop mote
waggel sy pilare-pote
en sy kantelende rug metaal;
op hoeke van die strate blink
sy oë bloedbelope,
en met sy hap sluit staal op staal.

[Uit: *Heilige beeste, 1945*]

7.1 7.1.1 Haal EEN WOORD aan wat vir ons sê dat die persoon senuweeagtig of bang is. (1)

7.1.2 Waarom voel die spreker so in VRAAG 7.1.1? (1)

7.1.3 Identifiseer die beeldspraak wat in reël 6 gebruik word. (1)

7.1.4 Kies uit KOLOM B die antwoorde wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.1.4.1–7.1.4.4) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.1.4.1 | knor | A | oop gebiede tussen geboue |
| 7.1.4.2 | wit duisternis | B | dakke |
| 7.1.4.3 | oop mote | C | oë bloedbelope |
| 7.1.4.4 | rug metaal | D | besoedeling |
| | | E | geluide van die stad |

(4)

7.1.5 Hoe sal jy die stemming van die gedig beskryf? (1)

7.1.6 Wat impliseer die "wit duisternis" waarna in reël 4 verwys word? (1)

7.1.7 Wat dink jy is die verband tussen die "wit duisternis" (versreël 4) en die titel van die gedig? (1)

7.1.8 Die woorde wit en duisternis pas nie bymekaar nie. Wat noem ons die stylfiguur wanneer twee teenstrydige woorde langs mekaar gebruik word? (1)

7.1.9 Wat beteken dit as iets vir ŉ mens duister is? (1)

7.1.10 Verduidelik waarom die dier moeilik beweeg het. (1)

7.1.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (7.1.11) en die letter (A–D) neer.

Die spreker in die gedig is …

A ŉ verbyganger.
B iemand wat in die stad woon.
C ŉ motoris.
D ŉ vakansieganger. (1)

7.1.12 Beskryf in jou eie woorde wat die spreker letterlik met "pilare-pote" (versreël 6) bedoel. (1)

7.1.13 Watter gevoel kry jy wanneer jy die woorde "sy oë bloedbelope" (reël 9) lees? (1)

7.1.14 Wat dink jy is die tema van die gedig? (1)

7.1.15 Hoe kan die spreker seker maak dat hy veilig in die stad sal wees? (1)

**[18]**

**EN**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 7.2

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Things that go bump in the night – Rosa Keet**

jy los my alleen
in 'n huis vol geluide
en hoe minder ek probeer luister
hoe harder klink die klank
van 'n onbekende voetstap
op die donker trap
bang vaak verdwaal ek laat
in die gange op soek
na slaap
wat om elke naghoek verdwyn
ek skrik
vir die naaldekokerstraatlig
deur die skaars bewegende blare
jou jas aan die kapstok
is 'n man sonder bene
ek is bang
vir die stofsuierslang
op die vloer van die spens
en tot jy terugkom
sleep ek my vlees
soos 'n kis agter my aan

[Uit: *Hysteria,* 1974]

7.2 7.2.1 Verduidelik waarom die spreker in die gedig vir die "jy" kwaad is. (1)

7.2.2 Haal TWEE opeenvolgende woorde aan wat daarop dui dat die klanke vir die spreker harder word. (1)

7.2.3 In reëls 3 en 4 vind ons 'n duidelike kontras wanneer die persoon luister. Haal die TWEE woorde aan wat in kontras is. (2)

7.2.4 Watter woord in reël 7 het min of meer dieselfde betekenis as benoud? (1)

7.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (7.2.5) en die letter (A–D) neer.

Die herhaling van die lang aa-klank in "v**aa**k verdw**aa**l" (versreël 7) word … genoem.

A personifikasie
B metafoor
C alliterasie
D assonansie (1)

7.2.6 "Voetstap" rym met "trap". Wat is die funksie van die rym in reëls 5 en 6? (1)

7.2.7 Waarom is die enjambement in reëls 8 en 9 suksesvol? (1)

7.2.8 Identifiseer die beeldspraak in versreël 17. (1)

7.2.9 Die spreker se vrees in die laaste twee reëls kan vergelyk word met … (1)

7.2.10 In die laaste twee versreëls kom daar ŉ vergelyking voor. Wat bedoel die spreker hiermee? (2)

7.2.11 Waarna verwys die Engelse titel van die gedig? (2)

7.2.12 Wat is so ironies wanneer die spreker probeer om minder geluide te hoor? (2)

7.2.13 Dink jy "Things that go bump in the night" is ŉ goeie gedig? Motiveer jou antwoord. (1)

**[17]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou